


Bloedwurms in drinkwater Chironomidae Familie

Dit klink 'n bietjie grillerig, lyk nie aptytwekkend nie, is onskadelik. Ons wat op plase woon KEN dit ALMAL!

Dink aan die dae wat jy by 'n krip of ander oop water gekniel en na die hoendervleisgrillerige rooi wurmpies gestaar het, wat daar in die moddertjies rondwurm, oop- en toevou en so in die water vorentoe "spring";

aan die vetgedrukte opskrifte in ons dagblaaië uit Windhoek wat verwys na rooi wurms in ons drinkwater, waarvoor niemand hoef bang te wees nie, onder sekere omstandighede sekere tyd van die jaar is hulle maar daar;

hoe jy as kind vasgevang was deur die goed wat so op die water in die dam heen en weer skiet sonder om nat pote te kry. En baie van ons wonder vandag nog wat dit kan wees; hier is die antwoord:



Bloedwurm opgekrul



Bloedwurm uitgerek

Dis die kleintjies (larwes) van muggies (nie muskiete nie!), wat naby oop waters lewe. Hulle is eintlik vlieë wat, as hulle vreet, vegetariese kos (soos nektaar) soek. Die rooi larwes lewe van ontbindende plantmateriaal en alge.

Kyk, as hulle in die drinkwater is, weet jy, dis NIE met chemikalieë vergiftig nie, maar ek dink tog water is lekkerder sonder die rooi krulletjies as met hulle.

Hierdie kategorie insekte is oor die hele aardbol versprei en het baie, baie verskillende volksname. Natuurlik kom hulle in groot swerms in lande voor, waar baie oop varswater is. Hulle lyk meer na muskiete, maar hulle byt nie, suig nie bloed nie, is net onder sekere omstandighede lastig.

Hulle belangrikste funksie is seker om kos te voorsien aan varswatervisse, insekvetende voëls, visse, paddas, naaldekokers en allerhande watergoggas. Hulle vorm 'n uiters belangrike lid van die voedselketting in die varswater-ekosisteem.

Hulle word selfs geteel om as akwariem-viskos verkoop te word.



watermuggies



'n ander soort watervlieg

Daar is BAIE, BAIE soorte van hierdie muggies, moeilik om te identifiseer (of af te neem) omdat hulle so rusteloos en vinnig op die water heen- en weer-naelloop. Die bene is baie lank, vlerke eintlik korterig, die mannetjies se antennae is sterk geveer.

Hierdie soort insek het "fly fishing" (vlieg hengel) sy naam gegee. Die baie kunstige kunsmatige vliegies en wurmpies wat op die hengelhakies ge-installeer word, is namaaksels van hierdie muggies en hulle larwes.

Die larwes van verskillende soorte muggies is nie almal rooi nie, hulle kan ook gelerig of groenerig wees. Die rooies bevat hemoglobien (dit maak ook ons bloed rooi), wat hulle in staat stel om die nodige suurstof uit die modder beter te kan opneem.



Bloedwurms wei in die modder

"n Ander interessante aspek van hulle is, dat hulle fossiele afdrucke aanleiding gee tot klimaatstoestande gedurende vergange tydperke op ons ou aardbol.

Inligtingsbronne: Google soekmasjien(Midge flies and blood worms/ fly fishing/ rooi wurms in drinkwater)

Insects of South Africa (Mike Picker, Charles Griffiths, Alan Weaving)

Teks en fotos: Anka Eichhoff